Sensako se Prestasie Kultivars – 'Kom-kyk' persele by Nampo Kaap!

Sensako is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy en ontwikkel verbeterde koringkultivars met hoë en stabiele opbrengsvlakke en goeie kwaliteitseienskappe vir die eindgebruiker alreeds vir meer as 60 jaar. Vir elke koringboer bly die regte kultivarkeuse 'n krities belangrike produksiebesluit in die bestuursplan om winsgewend te kan produseer.

Die *nuutste wenners* en beproefde kultivars met goeie aanpasbaarheid, opbrengs en gewenste kwaliteits- en siekte-eienskappe is beskikbaar vir die winterreëngebied. *Die nuutste inligting oor die reeks Sensako kultivars is saamgevat in die* ***Kultivargids vir die Winterreëngebied****.* Die nuutste kultivarhandleiding is by Nampo Kaap beskikbaar.

Sensako het demonstrasies by die Nampo Kaap-terrein geplant wat besoek kan word tydens 'n *'Walk and Talk'.* Tien koringkultivars, nuwe hawer- (5), gars (2)- en rogkultivars (2) is aangeplant. Die koringkultivars word getoets in stroke teen 3 saaidigthede en met 3 swambehandelings vir siektebeheer (Geen / 1 x bespuit / 2 x bespuit). Sien siekteweerstand in aksie!

Kom gesels met Sensako se kundiges vir die nuutste inligting rondom die beste kultivarkeuses en gewasbestuursopsies. Inligting oor Sensako se saadskema en beskikbaarheid van kultivars sal ook deurgegee word. Die nuwe **Quantum** proefperseelstroper kan ook besigtig word – nuwe tegnologie in navorsing – verseker 'n groot trekpleister.

Sensako koringkultivars het hulself herhaaldelik die afgelope seisoene bewys as staatmakers onder 'n wye reeks produksie toestande. Regdeur die Wes-en Suid-Kaap is soortgelyke demonstrasie persele geplant vir besigtiging. Navrae oor ligging en groendae kan aan Wessel Germishuizen 082 388 0224 of Driecus Lesch 082 388 0304 gerig word.

SENSAKO
High Performance Seed · Proven Genetics

Die kombinasie van al die kultivar-eienskappe en bestuursinsette word versinnebeeld in die verhoogde opbrengste wat behaal word – ***'Prestasie saad met Beproefde genetika'.*** *Vir meer inligting besoek sensako.co.za*